Misbruik van weidingspermitte vanuit Lesotho

RPO Voorsitter

Lardus van Zyl

11 April 2013

Inhoud

- Weidingspermit
- Dieresiekte permitte
- Verpligtinge van Lesotho
- Probleemstelling
- Verkennende ondersoek
- Geidentifiseerde probleem gebiede
- Bevinding
- Aanbevelings

Weidingspermit

- Weidingspermitte word onder art 16 (1) van wet 62 van 1998, die Wet op Diereverbetering deur die dept. Van Landbou, sub direktoraat van Diereverbetering Pretoria aan ’n aansoeker, hetsy ’n Lesotho of RSA burger onder hoofde van weiding, aanhou in voerkrale, direkte verkoop en/of vir slagdoeleindes uitgereik

Weidingspermit (vervolg)

- Permit moet volgende bevat
  - Aansoeker se naam en adres
  - Beskrywing en hoeveelheid vee
  - Poort van binnekoms
  - Verstrykingsdatum waarbinne hy hoeveelheid vee in permit vermeld in RSA inbring
  - Geregistreerde brandmerk vir vee en Tatoeermerk vir skape en bokke wat in oor aangebring moet wees
  - Die merk voor die brandmerk simboilseer omgekeerde Lesothoe hoede moet teen dier se nek aangebring word

Weidingspermit (vervolg)

- Vee mag nie van goedgekeurde plek sonder toestemming van plaaslike veearts verwyder word
- Vee mag nie aanteel nie
- Permit is net eenmalig gelding
- Moet tydens binnekoms by die poort van binnekoms ingehandig word



Dieresiekte-permit

- DAFF, Direktoraat Veeartseny Dienste reik permit uit in terme van Wet op Dieresiektes van 1984, met volgende voorwaardes
  - Met binnekoms moet permit vee vergesel
  - Agterkant van permit moet deur staatsveearts ingevul en geteken wees
  - Vee mag met geen ander vee tydens vervoer na RSA in aanraking kom nie
  - Plaaslike staatsveearts moet in kennis gestel word by poort van binnekoms
  - Permit is net gelding as alle voorwaardes nagekom is

Verpligting van Lesotho

- Staatsveearts van land van herkoms moet gesondheidsertifikaat, met handtekening, adres en stempel voltooi wat die volgende bevat:
  - Bevestig dat vee oorspronklik van Lesotho is
  - Vee nie uit besmette gebied van dieresiektes kom nie
  - Vee op inspeksiedatum vry is van enige dieresiektes
  - Vee 14 dae maar nie langer as 12 maande voor binnekoms vir Antrax ingeent is
  - Vee vry is van Tuberkulose en of Brusellose en getoets was binne 30 dae voor ingebring
  - Dat vee gebrandmerk is, op ‘n vragmotor gelaai en geseel is met vermelding van seelnommers

Probleemstelling

- Uitreiking van weidingspermit word misbruik
- Erge oorbeweiding in gebiede waarheen vee gebring word – lei tot gronderosie
- Onbeheerd lei tot veediefstalle en verbode immigrante – lei tot verhoogde misdaadsyfers
- Beheer en administrasie van weidingspermitte kan nie deur DAFF bestuur word nie weens kapasiteitsprobleme
- Permitte word valslik uitgereik, inligting is nie korrek nie, vee word nie gebrandmerk nie

Probleemstelling (vervolg)

- Weidingspermithouers is moeilik opspoorbaar
- Vee word nie vervoer nie maar snags aangejaag
- Veewagters en Permithouers bou veeposte en laat vee wei – RSA grondeienaars word nie gerespekteer nie
- Boere koop vee direk van permithouers – BTW nie betaal nie
- Alreeds 180 000 beeste van uit Lesotho in die RSA - 80% sonder wettige weidingspermitte
- RPO sien huidige onbeheerde weidingspermitstelsel as groot bedreiging vir dieresiektes en destabilisering van vleismark
- Opkomende swart boere kla dat Lesotho vee hul lande en weidings vertrap. Vee is in baie gevalle die eiendom van onwettige myners en meestal afhanklik is van besoedelende mynwater wat siekte risisko vir SA inwoners inhou

Verkennende Ondersoek

- Veewagters erken hul kom uit Lesotho en het geen wettige RSA werkspermitte nie
- Veewagters nie in besit van geldige reisdokument en of weidingspermit vir vee nie

FOTO 1

FOTO 2

BEESTE VANUIT LESOTHO IN WEIVLED BY BOTSHABELO WOONGEBIED

Verkennende Ondersoek (vervolg)

FOTO 3

FOTO 4

OORBEWEIDING VAN VELD DUIDELIK SIGBAAR VEEWAGTER VANUIT LESOTHO

Volgens plaaslike veeboere word hul weivelde sonder hul toestemming net eenvoudig betree, veeposte gebou en hul gebied word oorgeneem.

Verkennende Ondersoek (vervolg)

Foto 5

Foto 6

LESOTHO VEE MET DUIDELIKE VELSIEKTE

- Vee word gedurende die nag in ’n gebied ingejaag en dan deur veewagters opgepas
- Gereelde handel tussen veespekulante vind plaas waarna die vee na vendusies en/of slagpale vervoer word
- Vragmotors met RSA registrasienommers laai Lesotho beeste in die veld op en vervoer na voerkrale, vendusies en/of slagpale

Verkennende Ondersoek (vervolg)

- Plaaslike boere verkoop hul geregistreerde brandmerk aan Lesotho permithouers en word dan oor ou brandmerk gebrand

Foto 7

Foto 8

DUIDELIKE BEWYSSE VAN BRANDMERKE OOR BESTAANDE LESOTHO BRANDMERKE GEBRAND

Verkennende Ondersoek (vervolg)

Foto 9

Foto 10

Foto 11

Foto 12

DUIDELIKE BEWYSSE DAT VEE UIT LESOTHO NIE VOLGENS DIE VOORWAARDES IN DIE NEKGEBRANDMERK IS NIE

Verkennende Ondersoek (vervolg)

Foto 13

Foto 14

DUIDELIKE TEKENS VAN OORBEWEIDING EN ERGE GROND EROSIE IN DIE BOTSHABELO EN THABA NCHU OMGEWING

Verkennende Ondersoek (vervolg)

Foto 15

Foto 16

VEEPOS IN VELD MET SKAAPKRAAL, KUDDE VAN ONGEVEER 800 SKAPE EN BOKKE.
GEEN TATOEERMERKE IN ORE. VOLGENS PERMITHOUER IS DAAR GEEN FASILITEITE N LESOTHO OM TATOEERMERKE AAN TE BRING NIE

Geidentifiseerde Probleem Gebiede

- Kommersiele Grensposte
  - Ficksburg
  - Maserubrug
  - van Rooyensnek
- Onwettige vee deur Caledonrivier vanuit Lesotho na RSA
  - Vanaf Mesitsaneng in die suide
  - Verby van Rooyenshek
  - Verby Weppener en Hobhouse
  - Tot by Maserubrug
- Ander probleem gebiede is in Oos Kaap en KZN

Bevinding

- Inwoners van Lesotho kom RSA binne en annekseer staatsgrond, weidingsgebiede van plaaslike inwoners
- Geen stelsel in RSA om invloei van vee te beheer
- Geen dokumentasie of bewyse dat vee ingebring nie enige dieresiektes het of entstof toegedien is nie
- Vee word aan spekulante verkoop wat dit na voerkrale, vendusies en slagpales versprei
- Tegniese tekortkominge in weidingspermitstelsel

Aanbevelings

- Toeken van permitte behoort gestaak word
- Dit is al onderneem
  - Embargo op die uitreiking van weidingspermitte en dieresiektepermitte tot DAFF kan bewys dat die kapasiteit bestaan om die proses te reguleer

Thank You

www.rpo.co.za